



Kinders het dissipline
nodig om in
verantwoordelike
volwassenes te ontwikkel.

Anoniem




Elke mylpaal wat bereik
word, het begin as 'n
besluit om te probeer.

Anoniem




‘n Kind leer die beste
deur ‘n goeie voorbeeld.

Josh Billings




‘n Geskeurde baadjie kan
maklik reggemaak word,
maar harde woorde kneus
die hart van ‘n kind.

Henry Wadsworth Longfellow




Wanneer dit oor styl gaan,
gaan saam met die stroom.
Wanneer dit oor beginsels
gaan, staan rotsvas.

Thomas Jefferson




Daar is iets wat skaarser is
as potensiaal. Dit is die
vermoë om potensiaal te
herken.

Robert Half




‘n Meester kan vir jou sê
wat hy van jou verwag.
Maar ‘n onderwyser kan jou
verwagtings aanwakker.

Patricia Neal




Watter nederiger of meer
waardevolle werk is daar as
om die toekomstige leiers te
onderrig.

Marcus Tullius Cicero




Erken wanneer jy 'n fout
maak: leer daaruit en
moet dit nie herhaal nie.

Bear Bryant



Oordeelkundige lof is soos sonlig vir blomme. Die son laat die blomme in skoonheid en kleureprag groei. Net so is aanprysing nodig vir 'nkind om 'n lewe van skoonheid, geluk en vriendelikheid te lei.

Christian Boveé




Die droom begin met 'n
onderwyser wat in jou glo, wat
jou aanmoedig en jou na die
volgende vlak lei, soms deur
jou met die realiteit aan te por.

Dan Rather




Mense wat in jou glo,
beïnvloed jou lewe.

Henry Drummond




Elke opdracht is 'n selfportret
van die persoon wat dit
doen. Onderteken jou werk
met voortreflikheid.

Erik Erikson




Hy wat baie liefgehad
het, dikwels gelag het en
'n inspirasie vir kinders
was, het sukses behaal.

Anoniem




Ons grootste prestatie is
nie dat ons nooit geval
het nie, maar dat ons na
elke val opgestaan het.

Oliver Goldsmith




Die belangrikste wat 'n
nuuskierige kind ontdek,
is hoe min grootmense
weet.

Anoniem




Om onderrig te gee, te lei,
te verduidelik, te help en te
versorg – dit is van die lewe
se edelste prestasies.

Frank Tyger




As jy vir 'n kind 'n klein
bietjie liefde gee, kry jy
baie liefde terug.

John Ruskin




Ek gee nie net onderrig
nie, ek stimuleer denke.

Robert Frost




Tyd wat saam met kinders
deurgebring word, is nooit
vermorste tyd nie.

Anoniem




Dit is nie wat die leerder
vandag is wat tel nie,
maar wat die leerder in
die toekoms sal wees.

Anoniem




Daar is nie slegte
leerders nie, net leerders
wat ontmoedig is.

Anoniem




Alle kinders verdien
onderwysers wat glo hulle
kan iets leer en wat nie
tevrede sal wees voordat dit
gebeur nie.

Joe Nathan




As jy mense behandel asof
hulle reeds is wat hulle
veronderstel is om te wees,
help jy hulle om te word
waartoe hulle in staat is.

Johann van Goethe




Ons moet jongmense nie
sien as leë bottels wat gevul
moet word nie, maar as
kerse wat aangesteek moet
word.

Robert H. Shaffer




God stuur kinders om ons
harte groter te maak en om
ons onselfsugtig en vol
simpatie en liefde te maak.

Mary Howitt




Die beste onderwysers gee
uit hulle hart onderrig, nie
uit 'n boek nie.

Anoniem




Om die volgende geslag
op te voed is 'n edel
roeping.

Cicero




In 'n kind se oë is daar
nie sewe wonders in die
wêreld nie; daar is sewe
miljoen.

Walt Streightiff




Die hoogste prys vir 'n mens
se harde werk is nie dit wat
jy daarvoor kry nie, maar
wat jy daardeur word.

John Ruskin




'n Kind se lewe is soos 'n
stuk papier waarop elkeen
met wie hy te doen kry 'n
merkie maak.

Chinese spreuk



Hoe meer jy hou van wat
jy doen, hoe suksesvoller
sal jy daarin wees.

Jerry Gillies



Wees geduldig met
ander, want God is
geduldig met jou.

Anoniem